**Sondag 8 Maart**
**Skrifgedeelte: Eksodus 32**
**Fokusgedeelte: Eksodus 32:11-14, 32**

## Tussen God en sy volk

Die volk van Israel het pas die Here se verbond verbreek deur ’n goue kalf te aanbid. Dit was nie maar net ’n klein misstap nie, maar ’n radikale afwyking van God se weg. Moses is diep bewus van die erns hiervan. Hy kon maklik van die volk afstand gedoen het en net sy eie redding probeer verseker. Maar in plaas daarvan gaan hy weer op die berg om vir sy volk in te tree. Hy pleit vurig vir hulle vergifnis, en in sy desperaatheid bied hy selfs aan dat sy naam ter wille van die volk uit die boek van die Here verwyder sal word. Hierdie aanbod sou egter nooit werklik versoening kon doen vir die sonde van die volk nie, aangesien Moses self ’n sterflike, sondige mens was.

In Moses se optrede sien ons wel die beeld van ware herderskap: Hy probeer nie die sonde verskoon of wegpraat nie – hy bely dit eerlik voor God. Tog pleit hy vir genade. Hierdie selfopofferende houding wys vooruit na Christus, die volmaakte Middelaar. Hy het nie net gesê Hy sou saam met ons die straf dra nie – Hy hét dit werklik gedoen. Aan die kruis het Hy sy lewe gegee om ons skuld volkome weg te dra en vir ons versoening voor God te bewerk.

Ons sien hierin twee belangrike lesse: Eerstens, dat sonde nooit geringgeskat mag word nie – dit bring skeiding tussen God en mens. Maar tweedens, dat God se genade altyd groter is. Ons mag seker wees dat Christus steeds vandag vir ons intree by die Vader. Dit is ons troos en krag: ons het Christus as die Lam van God wat ons volmaakte Middelaar is.

*Sing: Psalm 136-1:1, 2, 3*

*Ds. FG (Hardus) Lee (Pretoria-Alkantrant*